



Publication		
BEELD		
Page	Date	AVE (ZAR)
4	Mon 04 Feb 2019	18747.74



NWU help skool met berading ná ramp

Christiaan du Plessis

Die Noordwes-Universiteit (NWU) gaan sielkundige en beradersdienste gratis beskikbaar stel aan leerlinge, onderwysers en ouers wat deur die tragedie by die Hoërskool Driehoek in Vanderbijlpark geraak word.

Kundige personele van die NWU se Vaaldriehoek-kampus in Vanderbijlpark is reeds in verbinding met die skool.

Linda du Plessis, adjunkvisekanselier op dié kampus, sê van die universiteit se werknemers se kinders is ook in die skool.

“Van die personeel het die skool al Vrydag in hul eie hoedanigheid gaan bystaan. Die tragedie raak die NWU direk en daarom het ons besluit om te help. Boonop word die hele gemeenskap, waarvan ons deel is, geraak,” sê Du Plessis.

Harm Stavast, hoof van studenteontwikkeling op die Vaaldriehoek-kampus, sê diegene wat geraak word, moet so gou moontlik berading kry om die ontwikkeling van posttraumatische stresversteuring (PTSV) te

Mag hulle sterker anderkant uitkom

Die tragedie by die Hoërskool Driehoek het die land geruk.

Ook van *Beeld* en sy lesers se kant word die naasbestaendes van die oorledenes, beseerdes, asook die hele skoolgemeenskap medelye en sterkte toegewens.

Die ineenstorting van die brug moet as ’n dringende saak deeglik ondersoek word.

Dit lyk asof die skruppel van ’n benadering van gereelde instandhouding van staatsinstellings sedert 1994 se wrange vrugte nou gepluk word.

Ons kort ook dringend ’n ander houding as dié opmerking van Elijah Mhlana, woordvoerder van die nasionale onderwysdepartement, teenoor ’n joernalis: “Ek is bekommerd oor jou aanhoudende verwysing na instandhouding.”

Die land se voorste politieke publisiteitslaaf, Panyaza Lesufi, het hom ook oudergewoonte na die toneel gehaas. Maar die onderwys-LUR en sy departementshoofde verdien in dié geval lof vir hul onmiddellike ondersteunende rol en besluit dat selfs kinders sonder

’n mediese fonds se hospitaalrekening deur die departement gedra sal word. Sy opmerking dat die manier waarop lede van die gemeenskap hulle na die skool gehaas het om op die ramptoneel te help die enigste manier is hoe ons die land sy probleme vorentoe gaan oplos, is inderdaad waar.

Op Hein Knoetze, skoolhoof, en die hele omliggende gemeenskap wag ’n byna ondenkbare pad van herstel. Die versugting is dat hulle sterker aan die ander kant daarvan sal uitkom. – **Redakteur**

verhoed.

“Dit is belangrik om te onthou dat die emosies wat ná die tragedie gevoel word, normaal is. Om te huil en om kwaad te wees is normaal. As die simptome egter ná ’n maand voortduur, kan dit op die ontwikkeling van PTSV dui,” sê Stavast.

“Seuns is meer geneig as meisies om hul emosies te internaliseer. Die Engelse gesegde lui mos *cowboys don’t cry*. Dit is belangrik dat leerlinge mettertyd oor hul emosies praat, verkieslik vroeër as later,” sê hy.

Die NWU se studentevoorligting- en ontwikkelingsentrum se krisishulplyn nommer is reeds aan die skool verskaf. Die sentrum beplan om in groepverband berading aan leerlinge,

families en personeel te bied. Individuele sessies kan egter ook gereël word.

Bernadine Rust, ’n berader wat in traumabehandeling spesialiseer, het haar dienste ook gratis aan die skool aangebied. Sy verhuis binnekort van Bloemfontein na Centurion.

Sy stel voor dat die skool ’n langtermynprogram begin wat

op geestesgesondheidsorg fokus.

“Die leerlinge se lewe gaan waarskynlik nooit weer dieselfde wees as voor 08:00 Vrydagoggend nie. Jy kan gaan lê, of jy kan iets hiermee probeer doen. Ná ’n tyd gaan die wêreld aan, en die wêreld verwag van jou ook om aan te gaan,” sê Rust.

“Die skool moet nou hande vat en saamstaan. Hoewel dit baie hartseer bly, kan daar *magic* ontstaan. Ons sien klaar op sosiale media hoe die hele gemeenskap ingryp om die skool te ondersteun,” sê Rust.

“Baie skole is dikwels op prestasie ingestel en leerlinge jaag balkies na. Miskien kan hierdie tragedie almal in die land laat nadink oor wat regtig belangrik is in die lewe,” sê sy.

Kontak die NWU-Vaaldriehoek-kampus by 016 910 3111 om die noodnommer te bekom. Die skool kan ook gekontak word daarvoor.

Die Suid-Afrikaanse depressie-en-angsgroep (Sadag) se 24-uur-hulplyn kan ook geskakel word. Dit is 080 012 1314.